ONS GLO

LAERSKOOL RANDHART

Samuelstraat, Randhart, Alberton
✉ 11034, Randhart, 1457
☎ (011) 864-5110/1
🖷(011) 864-1361
e-pos: laerrant@global.co.za
Webblad: www.randhartlaer.co.za

14 Maart 2023

NUUSBRIEF 3 van 2023

Geagte Ouers/Voogde

1. *Vanuit die hoof se kantoor*
2. *Vanuit die klaskamer*
3. *Vanuit die sportkantoor*
4. *Vanaf die kultuurverhoog*
5. *Ondersteunersklub nuus*
6. *Nuus vanaf die Beheerliggaam*
7. *Algemene sake*
8. *Belangrike datums*
9. *Ten slotte*

VANUIT DIE HOOF SE KANTOOR

Die eerste skoolvakansie lê om die draai en wag. Soos altyd was hierdie weer-eens ’n besige kwartaal waar atletiek hoogty gevier het. Skaars is die spyker-skoene weggepak en die seilskoene en rugbystewels word uitgehaal vir die nuwe seisoen wat wag! Intussen het die Super 12 ook reeds afgeskop en praat ons redenaars dat die spoeg so spat.

Dit is ook vir my aangenaam om u mee te deel dat die KDA- sowel as die sportbestuurdersposisie reeds gevul is. Mnr. Johan Steyn sal vanaf volgende kwartaal by ons aansluit in die KDA-pos en mnr. Fanie Kotzé het reeds diens aanvaar as die sportbestuurder. Ek kyk met opgewondenheid uit om te sien hoe ons sport van krag tot krag gaan. Ons heet ook uiteindelik me. Karen van der Schyf welkom by die Ranties waar sy by die graad 4’s sal inval.

Me. Marlene Gerber

VANUIT DIE KLASKAMER

So kom ’n kwartaal, wat eindeloos voor ons gelê het, binnekort tot ’n einde. Nie net het ons op sportgebied gewoeker nie, maar ook hard gewerk op akademiese ge-bied. Personeel het tydens boekkontrole die geleentheid gekry om hul leerders se spoggerige werk ten toon te stel. Baie dankie aan elke leerder wat kan roem daarop dat hulle hul werk elke dag met trots voltooi.

Getroue skoolbywoning

Die eerste kwartaal het goed afgeloop, maar tog versoek ek die volgende:
Dit is baie belangrik dat u kind getrou skool bywoon, sodat hulle nie onnodig druk ervaar as gevolg van konsepte wat hulle nie verstaan of agterstallige werk wat ingehaal moet word nie.

Oueraand

Graag herinner ek u aan die oueraand wat op Woensdag 12 April om 16:30 tot 19:00 plaasvind. Indien u saam met u kind se verslag 'n skrywe in die verband ontvang, versoek ons dat u tog die geleentheid sal bywoon. Dit is in belang van u kind se akademiese vordering dat u die personeel kom sien, sodat ons as 'n span kan saam werk om hom/haar te help.

Tweede kwartaal: Toetsdatums

Toetsdatums vir die tweede kwartaal is op ons jaarprogram aangebring en 'n amptelike skrywe sal binnekort per e-pos aan u gestuur word. Dit sal ook teen die einde van die kwartaal op die webblad beskikbaar wees.
Vir u gerief gee ek dit ook sommer ook hier vir u deur.

Toetsrooster vir graad 4 – 6	
Vak	**Datum**
Afrikaans	Vrydag 21 April
Engels	Vrydag 5 Mei
Sosiale Wetenskappe: Geskiedenis	Maandag 8 Mei
Ekonomiese en Bestuurswetenskappe	Vrydag 12 Mei
Tegnologie	Maandag 15 Mei
Natuurwetenskappe	Vrydag 19 Mei
Sosiale Wetenskappe: Geografie	Maandag 22 Mei

Toetsrooster vir graad 7	
Vak	**Datum**
Afrikaans	Vrydag 21 April
Engels	Vrydag 5 Mei
Sosiale Wetenskappe: Geskiedenis	Maandag 8 Mei
Ekonomiese en Bestuurswetenskappe	Vrydag 12 Mei
Tegnologie	Maandag 15 Mei
Natuurwetenskappe	Vrydag 19 Mei
Sosiale Wetenskappe: Geografie	Maandag 22 Mei
Skeppende Kunste	Vrydag 26 Mei
Wiskunde	Maandag 29 Mei
Lewensoriëntering	Vrydag 2 Junie

U sal oplet dat die daar heelwat meer formele toetse gedurende die tweede kwartaal geskryf word. Help of bemagtig u kind om vroegtydig te begin voorberei vir toetse, sodat hulle in staat sal wees om met selfvertroue rekenskap te gee van afgehandelde werk.

Toetse: Tweede geleentheid

Neem net weer kennis van die tweede geleentheid vir leerders met 'n doktersbrief of geldige rede om 'n toets te kan skryf.

- Vrydagtoetse – die daaropvolgende Maandag na skool
- Maandagtoetse – die daaropvolgende Donderdag na skool
- Leerders wat hierdie geleenthede misloop, sal op die dag van terugkeer die agterstallige toetse skryf.

Leerders moet na terugkeer die doktersbrief of skrywe vanaf ouers by die Adjunkhoof Akademie inhandig, sodat toestemming verkry kan word om ’n toets te kan skryf na die amptelike toetsdatum.

Ten slotte

Elke kind is kosbaar. Elke kind is uniek.
Kom ons maak elke dag tyd om vir hulle te vertel hoe oulik hulle is en hoe lief ons hulle het.

Geniet die vakansie en gun u kind tyd om te ontspan.

Me. Ilse Kichenbrand

VANUIT DIE SPORTKANTOOR

Dit is vir my ’n voorreg om aan u terugvoer te gee ten opsigte van al die sportaktiwiteite wat tans hier by die skool aan die gang is. Dit is my visie om ’n positiewe verskil te weeg te bring en seker te maak dat dít wat die Ranties goed doen, na nog ’n hoër vlak geneem word. U sal my gereeld by die sportaktiwiteite sien en ek wil u graag uitnooi om te kom kennis maak, want u as ouers vorm ’n belangrike skakel in ons visie vir die sport hier by die skool. Al die sportvergaderings het plaasgevind en is goed bygewoon deur die ouers. Ek glo u is nou goed ingelig oor die seisoen wat wag.

Atletiek

Die Gautengkampioenskappe het die afgelope naweek by Ruimsigstadion plaasgevind. Ons atlete het die warm son aangedurf en hulle baie goed van hul taak gekwyt. Daar was skitterende prestasies en die ervaring wat ons atlete op hierdie vlak opgedoen het, is van onskatbare waarde. Baie dankie aan elke atleet, afrigter en ondersteuner wat deel uitgemaak het van hierdie reis. Ons wens elke atleet sterkte toe wat die skool en provinsie by die SA-kampioenskappe gaan verteenwoordig.
Hier volg die uitslae van die Gautengkampioenskappe.

Atlete wat by die Gautengkampioenskappe in die finaal deelgeneem het (finale uitslag):

Kiara Kers (o. 10) – gewigstoot – 1ste plek
Taylin de Jong (o. 13) – spiesgooi – 1ste plek
Kayla Hopley (o. 11) – verspring – 1ste plek
Luc van Wyk (o. 12) – 75m hekkies – 2de plek
Taylin de Jong (o. 13) – 800m – 3de plek
Suné-Louise Prinsloo (o. 13) – 1500m – 3de plek
Eldoryn Jacobs (o. 11) – hoogspring – 3de plek
Tayla Vorster (o. 13) – 200m hekkies – 3de plek
Luan Venter (o. 10) – 75m hekkies – 4de plek
Kayla du Toit (o. 13) – gewigstoot – 5de plek
Taylin de Jong (o. 13) – gewigstoot – 6de plek
Mieke van den Berg (o. 13) – 200m – 6de plek

Luan Venter (o. 10) – 80m – 7de plek
Tayla Vorster (o. 13) – verspring – 7de plek
Mieke van den Berg (o. 13) – 200m hekkies – 8ste plek
Lanelda Herbst (o. 11) – gewigstoot – 9de plek
Declan Lategan (o. 11) – spiesgooi – 9de plek
Lize-Marie van den Berg (o. 11) – 1200m (DNF)

Aflos: o. 12-seuns – 3de plek
Luc van Wyk
Declan Lategan
Lukas du Plooy
Quen Smith

Aflos: o. 13-dogters – 2de plek
Tayla Vorster
Mieke van den Berg
Kayla du Toit
Taylin de Jong

Atlete wat kwalifiseer om op 19 – 21 Maart aan die SA-kampioenskappe in Pietermaritzburg deel te neem
Kiara Kers (o. 10) – gewigstoot
Kayla Hopley (o. 11) – verspring
Eldoryn Jacobs (o. 11) – hoogspring
Luc van Wyk (o. 12) – 75m hekkies
Taylin de Jong (o. 13) – spiesgooi, 800m
Suné-Louise Prinsloo (o. 13) – 1500m
Tayla Vorster (o. 13) – 200m hekkies

Tennis
Die nuwe verwikkelinge by die tennis is op almal se lippe. Daar is op Donderdag 9 Maart ’n vergadering gehou om alle rolspelers in te lig oor die opwindende pad vorentoe. Die ontwikkeling en deelname kry beslis ’n hupstoot en al die toernooie wat beplan word, insluitend ons Super 12 en liga, is werklik iets om na uit te sien. Talent-identifisering vind reeds plaas tydens KDA-periodes en u word aangemoedig om kontak te maak, indien u kind belangstelling toon. Ons sien uit na die nuwe hoogtes wat op ons tennis wag.

Ruiters
Die ruiters is hard besig en maak net goeie geraas. Die volgende kompetisies is op 6 en 7 Mei asook 3 en 4 Junie. Die ruiters bly groei en hou beslis ons naam hoog. Tydens die ruiter-aanbieding op Donderdag 2 Maart het baie van ons leerders die geleentheid gekry om te sien hoe lekker dit is en hoe om betrokke te raak by hierdie sport. Ons was bederf met goeie ruitervermoë en vaardighede. Baie geluk aan ons ruiters met hulle puik resultate. Ons sien uit na die volgende kompetisies en om julle te kom ondersteun.

Rugby
Die rugbyseisoen het vinnig en hard afgeskop. Ons het goeie resultate beleef teen Laerskole Rissiville en Concordia onderskeidelik. Met goeie momentum het ons Laerskool Garsfontein aangedurf tydens

ons rugbydag op Saterdag 11 Maart. Resultate was nie alles na wense nie, maar ons seuns het nietemin karakter gewys en die veggees getoon wat sinoniem is met Randhartrugby! Volgende op die lys is Laerskool Tygerpoort en dit beloof om lekker harde voorbereiding te wees, voordat van ons toere gaan afskop. Proewe om in aanmerking te kom vir die Goue Leeus o. 12- en o. 13-spanne het reeds plaasgevind. Baie geluk aan die seuns wat deur is na die volgende ronde! Hou so aan manne, ons is trots op julle!

Netbal

Die netbaldames en hul spanne skop behoorlik stof in die teenstanderd se oë en met hulle deeglike beplanning, passievolle afrigting en spelpeil laat wapper hulle Randhart se vlag baie hoog. Op Saterdag 11 Maart het ons 'n baie suksesvolle netbaltoernooi aangebied waar sewe skole hulle staal kom wys het. Die netbal was van hoogstaande gehalte en die dag was 'n fantastiese advertensie vir ons skool en wat ons dames en dogters besig is om te doen. Die voorbereiding vir die onderskeie toere en toernooie is goed op dreef en ons sien uit na die seisoen se aksie! Dankie aan elke dame, dogter en ondersteuner vir die insette en harde werk. Baie geluk aan ons o. 12- en o. 13-dogters onderskeidelik, wat tydens die Ekurhuleni-proewe deur is na die volgende ronde. Baie geluk dogters, ons is trots op julle! Hou aan met die harde en goeie werk!

Mnr. Fanie Kotzé

VANAF DIE KULTUURVERHOOG

"'n Skip in die hawe is veilig, maar dit is nie waarvoor skepe gebou is nie."
By die kultuurafdeling maak die Ranties van hulle volle potensiaal gebruik en vaar op die rowwe waters uit om nuwe horisonne te ontdek. Ons lewer graag verslag oor 'n paar hawes wat die Ranties reeds bereik het.

Redenaars

#prestigepraters

Hiermee volg die uitslae van die #prestigepraters wat op 10 Februarie plaasgevind het.

Ruwan de Bruin	Graad 2: Wenner
Dietrich Brauns	Graad 2: Naaswenner
Marnelle Moroney	Graad 3: Wenner
Milah Bosch	Graad 3: Naaswenner
Marnelle Moroney en Ruwan de Bruin	Algehele wenner graad 2 en 3
Ruanke Kasselman	Graad 4: Wenner
Milan Potgieter	Graad 4: Naaswenner
Melinique Nel	Graad 5: Wenner
Lize-Mari van den Berg	Graad 5: Naaswenner
Ruanke Kasselman	Algehele wenner graad 4 en 5
Ava Allen	Graad 6: Wenner
Marichke Pucjlowski	Graad 6: Naaswenner
Suené Pretorius	Graad 7: Wenner
Suné-Louise Prinsloo	Graad 7: Naaswenner
Ava Allen	Algehele wenner graad 6 en 7

Super 12

Hiermee volg die sprekers wat Laerskool Randhart op 10 en 11 Maart te Laerskool Elarduspark verteenwoordig het en hul uitstekend van hul taak gekwyt het.

Graad 2 en 3	Graad 4 en 5	Graad 6 en 7	Spanredenaars
Marnelle Moroney Ruwan de Bruin	Ruanke Kasselman Milan Potgieter	Ava Allen Suené Pretorius	Taylin de Jong Suné-Louise Prinsloo Ané Potgieter Suené Pretorius

Laerskool Randhart eindig algeheel vierde uit 24 skole en die graad 7-span verower ’n tweede plek en silwermedalje in die finaal. Welgedaan een elke bekkige spreker wat die Ranties se naam hoog gehou het.

ATKV

Die ATKV hou die eerste uitdunrondes op 21 en 22 April te Laerskool Concordia in Boksburg. Hier volg die indeling van die ATKV-sprekers vir 2023 in geen spesifieke volgorde nie.

Graad 6 en 7	Graad 4 en 5	Graad 2 en 3
Ava Allen	Danika Cato	Amia Mitchell
Amori van Vuuren	Emy Vogel	Dietrich Brauns
Carla Esterhuizen	Jason Connoway	Henru Prinsloo
Conner Roesch	Juan Steenberg	Juwan van Zyl
Elysia Engelbrecht	Kayla Hopley	Logan Jacobs
Isabell Bothma	Lente Buitendag	Luah Nel
Lezé Prinsloo	Liam Potgieter	Marnelle Moroney
Liané Uys	Lize-Mari van den Berg	Matthew Connoway
Marichke Pucjlowski	Melinique Nel	Megan Hopley
Suené Pretorius	Milan Potgieter	Milah Bosch
Suné-Louise Prinsloo	Riegu Baker	Ruwan de Bruin
Taylin de Jong	Ruanke Kasselman	Christine le Roux

ATKV-DigiSpanpraat

Hier volg die indeling van die spanne soos bepaal is op die raakpraat@ranties-geleenthede.

Graad 2 Rooi-span	Graad 2 Blou-span
Me. E. Schultz (Koördineerder)	Me. E. Schultz (Koördineerder)
Dietrich Brauns	Eduan Naudé
Matthew Connoway	Lana Robins
Logan Jacobs	Simoné Steenberg
Ruwan de Bruin	Zandré Delport
Graad 3 Rooi-span	**Graad 3 Blou-span**
Me. A. Eekhout (Koördineerder)	Me. A. Eekhout (Koördineerder)
Christine le Roux	Amia Mitchell
Marnelle Moroney	Henru Prinsloo
Megan Hopley	Luah Nel
Milah Bosch	Juwan van Zyl
Graad 4 Rooi-span	**Graad 4 Blou-span**
Me. A. Pawson (Koördineerder)	Me. A. Pawson (Koördineerder)
Milan Potgieter	Emy Vogel
Ruanke Kasselman	Jason Connoway
Liam Potgieter	Juan Steenberg
Lente Buitendag	Riegu Baker
Graad 5 Rooi-span	**Graad 5 Blou-span**
Me. M. Hattingh (Koördineerder)	Me. M. Hattingh (Koördineerder)
Danika Cato	Alexander Aucamp
Kayla Hopley	Miné Visser

Lize-Mari van den Berg	Liela Veldman
Melinique Nel	Tegan van Niekerk
Graad 6 Rooi-span	**Graad 6 Blou-span**
Me. M. Marnewick (Koördineerder)	Me. M. Marnewick (Koördineerder)
Ava Allen	Conner Roesch
Amori van Vuuren	Isabell Bothma
Marichke Pucjlowski	Mardi Barkhuizen
Lezé Prinsloo	Mischè Nel
Graad 7 Blou-span	**Graad 7 Super 12-span**
Me. S. Bezuidenhout / K. van der Schyf (Koördineerders)	Me. E. Erasmus (Koördineerder)
Liané Uys	Taylin de Jong
Elysia Engelbrecht	Suné-Louise Prinsloo
Carla Esterhuizen	Suené Pretorius
Dané Human	Ané Potgieter

Graag deel ek die goeie nuus met u dat Conspirito-deelname voortaan ook die nodige erkenning sal kry. Ouers sal nog steeds hul kinders self inskryf vir die onderskeie items en leerders sal dan hul uitslae na me. Karen van der Schyf neem, waar sy rekord sal hou van die jaar se uitslae. Conspirito-deelname sal ook in aanmerking geneem word vir AVP-punte, maar ’n leerder sal slegs een keer punte kan verwerf vir kunswedstryddeelname m.a.w. of Conspirito of Alberton Eisteddfod.

Alberton Eisteddfod

Die Alberton Eisteddfod begin volgende kwartaal volstoom. ’n Brief met verdere inligting is reeds uitgestuur. Hieronder volg ’n paar belangrike datums:

Inskrywings by betrokke personeellede per graad	12 – 25 April
Strokies met die tyd en plek van optrede	8 Junie
Optrede	19 Julie – 19 September

Bybelvasvra

Die leerders werk hard en die spanne sal teen die einde van hierdie kwartaal bekendgemaak word.

Koor

Die Randrefrein en Kiewiete is hard aan die oefen met die Super 12 wat nader kruip. Gelukkig is die koor in goeie hande met die bekwame me. Christa Feistel aan die stuur van sake en daar kan uitgesien word na engelstemmetjies wat gehore sal betower. Ons wil ons kore sterkte toewens met hul voorbereiding vir die Super 12 – ons sien daarna uit om na julle te luister. Soos Hans Christian Anderson gesê het: “*Waar woorde ontbreek, praat musiek!”*

Skaak

Hier volg sover die wenners en naaswenners in die verskillende grade tydens die interne skaakkampioenskappe.

Graad 1	
Wenner	**Naaswenner**
Sebastiaan Vermaak	Victoria Aucamp
Graad 2	
Wenner	**Naaswenner**
Dietrich Brauns	Wag vir uitspele
Graad 3	

Wenner	Naaswenner
Juwan van Zyl	Wag vir uitspele
Graad 4	
Wenner	**Naaswenner**
Kristen Malan	Liam Potgieter
Graad 5	
Wenner	**Naaswenner**
Wag vir uitspele	Wag vir uitspele
Graad 6	
Wenner	**Naaswenner**
Marquis van de Heever	Marichke Pucjlowski
Graad 7	
Wenner	**Naaswenner**
Ruan Voogt	Ruan van den Berg

Kunsklub

Graad	Tyd	Klas
1	14:00	Me. A. Eekhout (Lapa 2)
2	14:00	Me. C. Crouse (Lapa 1)
3	14:00	Me. A. Wessels (W3)
4 & 5	14:00 – 15:00 of 15:00 – 16:00	Me. R. Kloppers (W8)
6 & 7	14:00 – 15:00 of 15:00 – 16:00	Me. R. Venter (E17)

Rantiesnuus

Nuus! Nuus!! Nuus!!!

Wat 'n warrelwind eerste kwartaal met kookwater atletiek! Vanuit die nuuskantoor wil die Rantiesnuus-span sommer baie geluk sê aan al ons atlete! Gaan lees gerus ons artikel oor een van ons top atlete in die skool by https://rantiesnuus.co.za/atletiek-op-sy-beste. Natuurlik kan ons atlete nie presteer sonder ons super spanafrigters onder die leiding van mnr. De Ru nie. Gaan lees gerus ook ons artikel oor hom by https://rantiesnuus.co.za/mnr-de-ru-afrigter-van-formaat/.

Besoek gerus ons koerant by https://rantiesnuus.co.za/ en gaan lees waarmee die Ranties alles besig is!

Voortrekkers

Baie welkom aan al die nuwe ouers en leerders wat by die Voortrekkers aangesluit het. Die Voortrekkers het op 31 Januarie 'n inligtingsaand gehou. Daar is 35 geregistreerde leerders by die Voortrekkers betrokke. Ons hou gereeld op Vrydae tussen 17:00 – 18:00 byeenkomste en kampe sowel as kentekennaweke word deurlopend gehou. Hou asseblief die kalender dop.

Me. Maryke Kitching

ONDERSTEUNERSKLUB NUUS

Die Ranties Ondersteunersklub (ROK) wonder dikwels of daar 'n spesifieke datum is waarop mens ophou om iemand voorspoed vir die nuwe jaar toe te wens. As daar is, laat ons gerus weet. Alhoewel ons reeds amper aan die einde van die eerste kwartaal staan, is dit steeds aangenaam om in hierdie nuusbrief vir

elkeen, wat deel is van die Rantie-gesin, ’n geseënde, vredevolle en suksesvolle jaar toe te wens. Ons almal kan getuig dat hierdie jaar voluit begin het met so baie aktiwiteite dat ’n mens nie kan glo dat ons al in Maart van 2023 is nie.

Laerskool Randhart Ondersteunersklub – Algemene Jaarvergadering

Die Algemene Jaarvergadering vir die Laerskool Randhart Ondersteunersklub is op 7 Februarie in Laerskool Randhart se veeldoelige lokaal gehou. Alhoewel daar nie baie ouers opgedaag het vir die vergadering nie, wil ons vir die ouers wat wel opgedaag het baie dankie sê vir julle teenwoordigheid. Patrick Moroney het as voorsitter die gehoor verwelkom en deur die voorsittersverslag gewerk. Jaco van den Berg, die tesourier, het die geouditeerde finansiële verslag voorgehou vir goedkeuring. Beide die finansiële state en notule is beskikbaar en kan aangevra word by Michelle Dirker, indien u daardeur wil kyk.

Ken-mekaar-braai

Dit was met groot teleurstelling dat ons die Ken-mekaar-braai moes uitstel as gevolg van weersomstandighede en die Interlaer wat beplan was vir 14 Februarie. Die Ranties Ondersteunersklub het dit toe goed gedink om deur middel van ’n Google-vorm ’n opname te maak om vas te stel of ons ouers sal belangstel in ’n bring-en-braai die 11de Maart na afloop van die sportdag. Ongelukkig was die terugvoer nie na wense nie. Ons is hard aan die werk om ’n datum vas te stel waar ons op ’n informele basis bietjie saam met ons ouers kan kuier en opvang.

***Rugby cruise* 2023**

Dirk en Gill Burger was ons gelukkige wenners van die *Rugby Cruise* wat op die 24 – 26 Februarie vanaf Durban hawe op die MSC Orchestra na die Portugese Eilande plaasgevind het. Die Burgers het vir ons ’n lieflike video gestuur wat op ons Facebookblad gesien kan word. Weereens baie geluk en ons is bly dat julle die wegbreekkansie geniet het.

Manne-aand 2023 met Ricus Nel

Die jaarlikse Manne-aand vind op 16 Maart weer by Albertante ARC-sentrum plaas en ons sien baie uit om al ons pa’s, broers, oupas, ens. weer te verwelkom en onthaal. Soos oudergewoonte het ons ’n gaskunstenaar, Ricus Nel, wat die manne gaan vermaak met liedjies soos Boerepompie, Hardekole en Bosveld TV. Die aand begin om 18:00 en daar is nog enkele kaartjies beskikbaar. Vir enige navrae, skakel gerus vir Michelle Dirker by 072 627 1334.

Grootskerm-advertensie

Daar was ’n spesiale aanbieding waar maatskappye tydens die Interlaer en Alberton Kampioenskappe op die grootskerm kon adverteer. Ongelukkig het beide van hierdie byeenkomste uitgereën, maar dit het ons nie gekeer om wel vir ons adverteerders die verwagte blootstelling te gee nie. Hulle het tydens Rakkers se Jolytdag op 4 Maart asook op Saterdag 11 Maart die geleentheid vir blootstelling gehad. Daar is ook ’n addisionele bemarkingsgeleentheid gebied om op RantiesTV te bemark. Ons beplan nog advertensie-geleenthede en u word versoek om asseblief ons Facebookblad dop te hou.

Ranties Ondersteunersklub beplande projekte

- Winterfees – Tentatief 22 Julie
- Gholfdag – 31 Augustus
- Tentedorp – 8 tot 10 September
- Bokfees – September
- Vroue-aand – 21 Oktober
- Fliekaande – Laaste Woensdag van elke kwartaal
- Rolbal – Datum sal nog deurgegee word
- Kleurfees/Somerkarnaval – Datum sal nog deurgegee word

Ons almal hier by die Ranties Ondersteunersklub sien uit om ons ouers te ontmoet en leer ken by enige van die projekte hierbo genoem. Indien daar enige navrae is, moet asseblief nie huiwer om ons administrateur, Michelle Dirker, by 072 627 1334 te kontak nie.

Onthou ook om ons Facebookblad (Ranties Ondersteunersklub) te gaan en te volg.

Dankie vir elke ouer se ondersteuning.

Mnr. Patrick Moroney

VANAF DIE BEHEERLIGGAAM

Dit is lekker om te sien dat dinge by Randhart vlot verloop. Alle akademie, sport en kultuur is weer in volle swang en die resultate en uitslae is duidelik in die regte rigting as deur hierdie nuusbrief gelees word. 2023 se tempo is baie vinnig en mens moet omtrent kop hou met al die aktiwiteite. Dankie aan almal wat alreeds so betrokke is en die kinders en die skool so geesdriftig kom ondersteun.

Baie geluk aan elke kind, ouer en personeellid met uitsonderlike prestasies so vroeg in die jaar al! Tydens die vakansie is daar heelwat toere en geleenthede waar Randhart weer op sportgebied verteenwoordig word. Ons wil elke ouer en personeellid bedank wat dit moontlik maak dat ons kinders (en ander wat dit nie kan bybring nie) die geleentheid gegun word om deel hiervan te wees. Mag almal veilig reis en Randhart se naam hoog hou.

Van die Beheerliggaam se kant af... dit is lekker om u te laat weet dat al die vakante poste (onder andere die Sportbestuurder, KDA-pos en verskeie assistentposte) gevul is wat verseker dat elke leerder doelgerig en sonder onderbreking ontwikkel kan word.

Met die aanvang van die nuwe skooljaar het twee vakante portefeuljes op die Beheerliggaam beskikbaar geraak, omdat Dawie Goosen en Michelle Dirker moes afstaan van hul onderskeie rolle aangesien hulle jongste kinders graad 8 betree het. Dankie Dawie en Michelle vir al julle tyd, insette en jul hart wat julle in Laerskool Randhart ingeploeg het. Ons waardeer julle en wens julle alle voorspoed toe!

Bogenoemde BL-poste is deur middel van ’n nominasieproses en interne stemming gevul en dit is vir ons ’n voorreg om die volgende twee gekoöpteerde lede op die Beheerliggaam te verwelkom:

- Gail Steenberg – Geestelike & emosionele versorging
- Patrick Moroney – Geboue & terrein

Baie welkom en dankie vir wonderlike bydraes reeds in ’n kort tydperk gelewer. Ons sien daarna uit om saam met julle Randhart van krag tot krag te sien gaan.

Aan elke ouer en personeellid, dankie vir ’n puik eerste kwartaal. Ons is opgewonde oor wat die res van die jaar gaan inhou.

Seënwense en geniet die opkomende vakansie.

Mnr. Darius Prinsloo

ALGEMENE SAKE

Graag bring ek die volgende sake onder u aandag.

Skoolveiligheid

Dit wil voorkom of motordiefstal die laaste tyd weer in die omgewing aan die toeneem is. Ons het dit wel onder die aandag van die veiligheidsmaatskappye gebring. Hulle het van hulle kant af voorgeneem om maatreëls te verskerp. Ons versoek dat ouers op hulle hoede sal wees en onder geen omstandighede reg in eie hande sal probeer neem nie. Die skool onderneem ook om moontlikhede vir beter veiligheid vir die aangrensende strate te ondersoek.

Graad 7-wegbreeknaweek

Op die ouerinligtingsaand is daar aan ouers inligting deurgegee met betrekking tot hierdie wegbreekgeleentheid. Kostes hiervoor is reeds op die Karri-toepassing gelaai.

Net om die geheue te verfris:

- Die kamp vind vanaf 29 November tot 1 Desember by die luukse Mutango Avontuurkamp plaas.
- Die koste beloop R2 100 per leerder.
- Hierdie geleentheid is ons graad 7's se laaste amptelike uitstappie. Hulle word hier finaal voorberei vir die hoërskool en kry hulle ook meer as genoeg tyd vir ontspanning saam met hulle laerskoolvriende van 7 jaar.
- Dit word aangebied deur dr. Elsje Jordaan en Minette Dempsey van Sportisimo.

Ons hoop werklikwaar om elke graad 7-leerder by die geleentheid te sien.

Laatkommers

Daar is steeds leerders wat laat kom vir skool. Die skool is deeglik bewus van dae wanneer daar verkeersprobleme is. Leerders wat laat kom se dag begin nie net verkeerd nie, maar dra ook daartoe by dat die klas tydelik onderbreek word. Die skool se beleid in dié verband vereis dat ons wel moet optree teen gereelde oortreders. Leerders, wat laat kom, se ouers moet hulle by die kantoor kom inteken. Lede van die bestuur, wat u aanspreek, doen net hulle plig. Kom ons leer ons kinders reeds van jongs af die waarde van stiptelikheid.

Grootskermfliekaand – 15 Maart (graad 3 tot 7)

Daar heers reeds groot opgewondenheid onder die graad 3 tot 7-leerders vir hierdie funksie. Leerders word versoek om hul eie piekniekmandjie en -kombersie saam te bring en heerlik saam met maats 'n fliek in die opelug te geniet. Die koste beloop slegs R30.00 per leerder en indien u bereid is om meer as een kaartjie te koop, is ons dankbaar. Laat weet asseblief u kind se registeronderwyser, indien u hierdie opsie uitgeoefen het, asook watter leerder u geborg het. Die Karri-toepassing is reeds hiervoor oop. Ons vra asseblief dat u nie kontant skool toe sal stuur nie, aangesien ons leerders se veiligheid vir ons baie belangrik is.

Ons graad 1 en 2-leerders kry die geleentheid om die dag as die skool sluit (24 Maart) hul grootskermfliek te geniet. Weereens is hulle welkom om 'n piekniekmandjie en -kombersie saam te bring.

Waterkaskenades – 23 Maart

Ons gee aan u die volgende inligting vir die dag deur:

- Gr. 1 tot 3-leerders kom met gewone klere skool toe en kan by die skool verklee in hul swemklere. Maak asseblief seker dat u kind sodanig aangetrek is dat hulle wel kan nat word. Hulle neem vanaf 9:00 – 11:30 deel. Hierna keer hulle terug na hulle klasse.

- Gr. 4 tot 7-leerders kom met skooldrag skool toe, aangesien daar nog foto's geneem gaan word daardie dag. Leerders bring ook tasse saam, aangesien die rooster steeds gevolg sal word tot en met 11:30. Hulle pret en plesier begin eers daarna.
- Ons vra asseblief dat u seker sal maak dat indien u dogter nie met 'n vol baaikostuum gaan deelneem nie, dat sy wel 'n hempie bo-oor sal aantrek.
- Dit is ook belangrik om 'n handdoek saam te bring en omdat leerders aan die son blootgestel word, moet hulle asseblief reeds sonskerm by die huis aanwend.
- Die skool verdaag gewone tyd.
- Daar sal behoorlike toesig asook noodhulp beskikbaar wees.
- GEEN ouers word toegelaat nie. Daar gaan wel enkele gevalle wees waar ouers behulpsaam gaan wees met die verskillende aktiwiteite.

Facebook-blad

Indien u nog nie ons facebookblad besoek het nie, word u aangeraai om dit gerus te doen. Ons nuut aangestelde IT-personeellid, mnr. Jaco Nortjé, gee ons blad 'n nuwe baadjie en doen uitstekende werk om u op hoogte te hou van alle gebeure hier by die skool.

Mnr. Francois Venter

BELANGRIKE DATUMS

Alle belangrike datums is op ons webwerf en D6 Connect-toepassing beskikbaar.

TEN SLOTTE

Baie dankie vir u ondersteuning gedurende hierdie kwartaal. Ouerdeelname en -betrokkenheid is die kern van 'n skool se sukses en ons is dankbaar vir ons entoesiastiese Randhart-ouers. Die vakansie is om die draai en hiermee wil ek u 'n welverdiende ruskans toewens. Indien u reis, wees veilig en geniet die avontuur.

Vriendelike groete

M. Gerber

ME. MARLENE GERBER
SKOOLHOOF

CON SPIRITO

KOM NEEM DEEL AAN DIE EERSTE RONDES OP JOU DRUMPEL!

Con Spirito!!!! is ’n unieke Kultuurvereniging, Kultuur met Geesdrif, wat nou al vir die een-en-*twintigste* agtereenvolgende jaar funksioneer en die laaste 5 jaar nasionaal uitgebrei het.

WAT BIED ONS? Alle vorme van die kunste: Kuns, drama, redenaars, lees, kreatiewe skryfwerk, dans, instrumentaal, sang, kore, toneel en spreekkore.

VENUE: NG Brackenhurst, Hennie Alberts

KOSTES: R85 per individuele item

DATUMS vir Alberton se eerste rondes:

AFDELING	WANNEER	Inskrywings sluit
Lees/*Reading* **Redenaars/*Public speaking*** **(Individueel/*Individual*)**	17 tot 20 April	24 Maart
Sang/*Vocal* **Instrumentaal/*Instrumental***	29, 30, 31 Mei	17 April
Dans/*Dance*	1 tot 3 Junie	17 April
Kuns/*Art*	21 Augustus	17 Julie
Drama/Spanredenaars/*Group orators*	7 tot 12 Augustus	17 Julie
GROOT GROEPE: **Kore, orkeste, sanggroepe, spreekkore, tonele**	21 en 22 Augustus	17 Mei

*******Indien die datums jou nie pas nie kan jy by enige ander venue soos Boksburg, Randburg, Sasolburg, ens. deelneem. Sien ons webwerf vir die jaarprogram.

Registrasie en inskrywings word AANLYN gedoen op www.conspirito.co.za Dus geen inskrywingsvorms nie. Vir meer inligting sien ons webwerf of kontak ons. Enige iemand mag inskryf. Privaatinskrywings word ook aanvaar.

Eerste rondes (Provinsiale rondes) in elke kategorie vind landswyd by verskillende venues plaas waar die beste presteerders weer genooi word om aan die einde van die jaar aan die nasionale Forte ronde wat van 21 September tot 1 Oktober in Alberton plaasvind, deel te neem. Sodoende word die nasionale item- en afdelingswenners bepaal. *Forte* beteken “gaan groter” met jou talente.

Verlede jaar het ongeveer 13 500 leerders landswyd uit ‘n totaal van 590 skole, deelgeneem. Daar was ‘n totaal van bykans 44 000 items landswyd ingeskryf.

KONTAKBESONDERHEDE
Lizelle van Staden (Besturende Direkteur) 083 660 4822 lizelle@conspirito.co.za
Zelmarie Maré (bemarking en alle AANLYN kompetisies) 074 683 3995 zelmarie@conspirito.co.za)
Navrae: admin1@conspirito.co.za
Webwerf: www.conspirito.co.za